

**6 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:1-2:2**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:7**

### **Wandel in die lig**

Teen die einde van die eerste eeu na die geboorte van Christus was die bevolking in Klein-Asië moeg vir hulle godsdiens. Die onpersoonlike Romeinse staatsgodsdiens was 'n verstandsgodsdiens. Die onderlinge konflikte van die Griekse gode op die Olympus kon die mense nie werklik inspireer nie. Terselfdertyd het daar uit die Ooste 'n nuwe godsdienstige beweging tot stand gekom: die sogenaamde misteriegodsdiens. Hiervolgens maak dit nie saak watter godheid jy wil dien nie – daar was 'n ruim keuse – as jy die godheid maar net ervaar.

In sy brief aan die gelowiges in Klein-Asië waarsku die apostel Johannes teen hierdie nuwe religieuse beweging (1 Joh 5:21). Maar tegelyk wys hy in sy brief daarop hoe jy die ware God kan ervaar. Die ware God is Lig en Hy is Liefde. Omdat God lig is, kan en moet ons in die lig wandel. God se lig skyn helder in hierdie wêreld deur Christus Jesus. Hy is die lig vir die wêreld (Joh 8:12). Om in die lig te wandel is 'n beeld van 'n lewe van ware godsvrug. Hierdie 'wandel' het 'n tweevoudige werking. Die eerste vrug van die wandel in die lig is geloofsgemeenskap met almal wat die verskyning van die Here Jesus lief gekry het. Die tweede resultaat is reiniging van ons sondes. God se lig werp skaduwees oor ons lewe. Alles wat verkeerd is, word oopgevelek. Ons kan ons sondes raaksien. Maar daar is die reinigende krag van die bloed van Christus, die Seun van God. Die Godservaring as vrug van 'n wandel in die lig lê op hierdie vlak: gemeenskap met God, gemeenskap met mekaar in die heerlike wete dat ons sondes vergewe is en ons lewe gereinig is deur die offerdood van Christus.

*Sing: Psalm 25:1*

*Prof L Floor (Emeritus)*